

Wat is 'n verbond

Die begrip verbond word in die Bybel gebruik as sinoniem vir 'n ooreenkoms. By die oprigting van 'n verbond was daar ten minste twee partye wat ooreenkomste met mekaar aangegaan het. Daar is beloftes aan mekaar gemaak en ondernemings teenoor mekaar aangegaan. Daar is selfs ooreengekom op strafklousules en God is gewoonlik ingeroep as getuie of waarborg in hierdie ooreenkoms. In Genesis 15 kry ons die oprigting van God se verbond met Abraham. Hier is dit egter 'n ongelyke ooreenkoms - 'n ooreenkoms tussen God en mens, tussen Skepper en skepsel. Dit word ook 'n unieke ooreenkoms, want daar word nie onderhandel oor voorwaardes nie. Toe die Here Abraham in Genesis 12 geroep het, het Hy al beloftes van 'n land en 'n groot nasie aan hom gemaak. Hier met die verbondsluitingshandeling (die offerandes wat verdeel moes word) herhaal die Here nou "formeel" aan Abraham die beloftes van 'n land en 'n nageslag.

Die heerlike kroon van die verbond, die Godwees van God vir Abraham, sou eers later ter sprake kom. Wanneer 'n mens met die genadeverbond besig is, moet ons altyd onthou dat dit 'n ooreenkoms is wat God van sy kant af opgerig het. Daarin het Hy heerlike beloftes gemaak. Dit was net genade dat Hy Hom neergebuig het na Abraham toe, want Abraham se voorgeslagte het ander gode gedien (Josua 24:2). Abraham verdien nie die guns van God nie.

Die kern van die openbaring in Genesis 15 is die feit dat die Here van sy kant af Hom neergebuig het na 'n mens en Hom daartoe verbind het om sekere gunste aan Abraham te bewys, sonder dat Abraham hoegenaamd iets verdien. Genade beteken immers "'n geskenk" van die Here. Die hoogste openbaring van God se genade sal later in die geskenk van Jesus Christus geopenbaar word wanneer Hy Hom uit liefde gee sodat ons nie verlore sal gaan nie (Joh. 3:16).

Sing: Psalm 89:1

Dr. D.J.S. Steyn (Benoni-Noord)